higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

25 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Sien slegs TWEE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 1: ANALISE

1.1 1.1.1 Aanvaar die student se eie interpretasie.

Hy maak 'n stelling oor geslagsidentiteit en 'n mens se interne stryd wat ekstern uitgebeeld word. (2)

1.1.2 Die tipiese sterk manlike figuur met 'n kappietop ('hoodie'). Die kappietop is pienk, wat 'n vroulike kleur is. Hy het rooi lippe en geplukte wenkbroue. In teenstelling met die rooi lipstiffie wys die baard wys dat dit 'n man is. Blou waterverf in die gesig gee die werk 'n emosionele en ontstellende uitdrukking. (4)

1.1.3 Plat vorms word gebruik om die beeld te vereenvoudig en dit wys dat die identiteit van die persoon nie so belangrik soos die boodskap is nie. Die gebruik van kurwes in die agtergrond versterk die idee van vroulikheid. (2)

1.1.4 Student se respons (2)

1.2 1.2.1
- Die pers figuur in die middel
- Kleure soos pers en blou staan uit teen die geel figure.
- Ligging: sentraal geplaas

Aanvaar ander weldeurdagte argumente. Sommige studente sal dalk na die kalf verwys omdat dit teen die blou agtergrond uitstaan en volgens die titel die onderwerp van die kunswerk is. (3)

1.2.2 Lewendig/Energiek/Ekstaties/Hipnoties/Dinamies

Dit lyk na 'n rituele feesviering. (3)

1.2.3
- Die kleure is sterk en lewendig – sterk skakerings van pers en blou op die middelste figuur – wat 'n opvallende kontras skep met die aanvullende geel van die ander twee figure.
- Aanvullende kleure soos geel/pers en blou/oranje word gebruik.
- Die buitelyne is nie duidelik nie, wat bydra tot die beweging.
- Daar is ekspressiewe gebruik van lyn.
- Diagonale lyne (arms, bene en agtergrond) dra by tot die energieke stemming en skep ook beweging. (4)

Kopiereg voorbehou

1.3 1.3.1
- Kleure is somber – swart, geelgroen, groengeel – wat die werk 'n ongemaklike gevoel gee.
- Daar is geen onderskeid tussen kleur op die voorgrond en agtergrond nie.
- Die skep van diepte is nie belangrik nie. Herhaling van kleur en lyn skep ritme.
- Hoeklyne en vertikale komposisie dra by tot die skel, dramatiese effek.
- Dik swart buitelyne gee 'n gestileerde effek. (5)

1.3.2 Stilisties (1)

1.3.3 Daar is geen interaksie tussen die figure nie. Elkeen staan alleen in sy ruimte, wat die gevoel van isolasie versterk. (2)

1.3.4 Student se respons (2)

1.4 1.4.1 Die kunstenaar maak 'n stelling oor die obsessie met selfone en tegnologie wat mense verhinder om 'n boek op te tel en te lees. Die jeug lees nie meer boeke nie. Alles word op hul selfone gedoen. (2)

1.4.2 Student se respons (3)

1.4.3 Dit lyk asof mense hul probleme op openbare platforms soos Facebook eerder privaat uitklaar. Hy gebruik die Katolieke kerk bieg-konsep, maar laat dit op Facebook uitsaai. (2)

1.4.4 Student se respons (3)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

Sien slegs VRAAG 2.1 **OF** VRAAG 2.2 na.

2.1 2.1.1
- Vere aan die punt van 'n stokkie
- Sterthare
- Vingers
- Reeds
- Skerp klippe
- Hout (Enige 5 × 1) (5)

2.1.2
- Pik: Pik rots/Kap met 'n hamer om patina (donker buitenste laag) te verwyder en die ligter binneste laag bloot te lê
- Inkerf: Sny deur die patina met 'n ander skerp klip – diep of vlak kepe
- Skraap: Skraap patina (buitenste rotslaag) weg om groot, plat, ligter areas bloot te lê (3 × 2) (6)

2.1.3
- Elande
- Slange
- Voëls
- Jakkalse
- Renosters
- Kameelperde (Enige 4 × 1) (4)

2.1.4
- Jagtonele
- Dansende mense
- Mense wat werk
- Sjamaan
- Seremonies
- Hipnotiese toestand
- Tradisionele stories (Enige 5 × 1) (5)

2.1.5 Student se keuse

Voorbeeld 1: N'kosasana Eland – Noordoos-Kaap

Stel enkele eland voor – tweekleurige piktogram sonder skadu's; 3D geskep met syaansig, agterstewe effens gedraai; verste ledemate is in wit uitgebeeld; kleurverdeling tussen nek en skouers; klein, bruin lyn op die voorkop versterk die 3D-effek. Eenheid word geskep deur die wit vorm van die voorpoot wat langs die buiklyn verleng is; kombinasie van wit en bruin vorm skep 'n gevoel van eenheid; verlenging van bruin lyn van skouer tot voorkop

Voorbeeld 2: Klein jakkalsie van Maanhaarrand

Uit die vroeë periode van gravering; ingesnyde gravering geskep deur 'n lyn in 'n rots uit te krap; kalligrafiese tegniek; buitelyn is ingegraveer, wat selde voorkom; syaansig; kuns van die enkele vorm, d.w.s. slegs een dier op 'n rots; dier lyk rustig en los van die wêreld; statiese houding; uitstekende tegniese vaardigheid; weerspieël geniale waarneming; hoeke wissel; oorgang van vaste vorms na fyn ledemate; geen vervorming of verlenging nie.

(2 × 10) (20)

OF

2.2 Student se keuse (2 × 20) (40)
[40]

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

Student se keuse

Hindoe-kuns

Baie van die kuns sluit godsdienstige en simboliese gebare en voorwerpe in. Dit word gebruik vir gebed (Puja) – daar word geglo dat 'n beeldhouwerk, beeld of 'n ander simbool van 'n god gevul is met die kosmiese energie van die god, nie dat dit die godheid self is nie. Veelvuldige arms toon die krag van die gode – die vermoë om verskeie handelinge tegelyk uit te voer – dit was 'n eenvoudige, effektiewe manier om die godheid as alomteenwoordig en almagtig uit te druk. Demone word met verskeie koppe uitgebeeld wat hul bomenslike krag toon. Die gebruik van veelvuldige koppe of ledemate toon verskillende aspekte van die karakter van die godheid. Geen individualiteit nie – figure word voorgestel met vorms wat meer perfek is as enige menslike modelle.

Voorbeeld: Shiva Nataraja 12de eeu (Chola-dinastie)

Gewilde bronsbeeld van Shiva (een van die Hindoes se vernaamste gode) en Nataraja (Lord of the Dance) wat die kosmiese dans doen. Volmaakte balans en harmonie. Twee hande hou simboliese voorwerpe vas – 'n vlam en drom wat vernietiging en skepping simboliseer. Ander twee hande toon voorgeskrewe gebare – *mudra*. Shiva dans op 'n dwergduiwel (wat onkunde verteenwoordig). Shiva dans in 'n vlammekring. Herhaling van vlamme skep harmonie in die beeld.

Islamitiese kuns

Mag nie om mense of diere uitbeeld nie – fokus meer op dekoratiewe vorms. Die Arabiese skrif in die Koran het die ontwikkeling van abstrakte, ornamentele vorms en patrone beïnvloed. Gebruik Arabiese kalligrafie gekombineer met geometriese en blomontwerpe. Die gebruik van geometriese beginsels en weerspieëling van 'n gevoel van ritme in die komplekse herhaalde patrone kan teruggevoer word na Arabiese belangstelling in wiskunde en sterrekunde. Godsdiens het 'n sterk invloed op Islamitiese kuns. Patrone verwys na die idee om aardse voorwerpe te versteek om die aardse lewe te transendeer. Gebruik vorms en patrone uit die Bisantynse kuns en brei daarop uit. Beklemtoon die belangrikheid van eenheid, logika en orde. Sirkel is die grondslag van baie patrone. Gebruik liniaal en kompas om patrone te skep.

Voorbeeld: Keramiekteëls (gedateer tussen 14de en 15de eeu) met Arabiese teks. Op die teëls staan daar: 'Blydskap en geluk is uitstekende metgeselle.' Dit word verskeie kere herhaal. Die teëls is geskep as versiering vir 'n gebou. Kalligrafie was 'n fundamentele element van die Islamitiese kuns en siervorms het daaruit ontwikkel. Die Arabiese teks in die Koran (heilige boek van Islam) het die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorms en patrone beïnvloed. (Enige 2 × 20) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Sien enige DRIE vrae in hierdie afdeling na..

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Egiptenare het probeer om soveel herkenbare eienskappe as moontlik te toon deur 'n mens/god se gesig, middellyf en ledemate in profiel uit te beeld. Oë en skouers in vooraansig. Plat (2D). Gestileerd. (5)

4.2 Dit was 'n reeks geskrewe towerspreuke in individuele hoofstukke. Antieke Egiptenare het geglo dat dit in die hiernamaals sou help. Dit is op papirus of op die mure van die graf geskryf. Hiërogliewe is gebruik. Verhale is geïllustreer met kleurvolle prente. (5)

4.3 4.3.1 Kop van 'n jakkals

4.3.2 Kop van 'n ibis (voël)

4.3.3 Kop van 'n krokodil en bene van 'n seekoei

4.3.4 Valk se kop

4.3.5 Dra wit kroon van Laer Egipte. Geklee soos 'n mummie. Dra staf en 'n dorsstok.

(5 × 1) (5)

4.4 4.4.1
- Khufu of Cheops
- Khafre of Chephren
- Menkaura (3)

4.4.2 Dit is gebou as 'n beskermende monument vir die gemummifiseerde koning en sy besittings. Dit het ook sy absolute mag gesimboliseer. Deur die eenvoudige geometriese vorm van die struktuur het dit 'n embleem van orde geword in die chaos van die natuurlike omgewing van die woestyn. (2)

4.4.3 Die vier gelykbenige driehoeke van die piramide is uitgelê om presies in lyn te wees met die vier hoofstreke van die kompas. Dit is gebou op die wesoewer van die Nyl waar die son elke dag 'sterf'. Nadat dit klaar gebou is, is 'n blok bedek met blink metaal bo-op die piramide geplaas. Die sye was oorspronklik met kalksteen bedek om dit glad te maak.

Egte piramidevorm het 'n vierkantige basis en vier driehoekige sye wat in 'n punt eindig.

Beslaan 5,25 hektaar
1 478,5 m hoog
13 000 000 klipblokke wat elk 2,5 ton weeg
Koning se kamer/graf is in die middel van die piramide
Koningin se kamer is onder koning s'n
Hoofgalery – gang na die koning se kamer
Twee skagte vir lugopeninge (10)

4.5 Student se keuse

Bv. Pharaoh Menkaura en sy vrou Khamerernebty/Koningin Nefertiti/Isis met seun Horus/Ramses II (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Student se keuse

Bv. Die Parthenon (wat 'die kamer van die maagdelike godin' beteken) is een van die geboue waarvoor wit marmer gebruik is in plaas van kalksteen wat versterk is met marmerpleisterwerk soos in baie ander tempels. Die hoofdoel daarvan was om die standbeeld van Athena te huisves – die godin wat die stad Athene beskerm het. Dit is 'n tempel van die Doriese Orde wat 'n sentrale posisie in die Akropolis inneem. Breër as ander tempels van die Doriese Orde met agt kolomme in plaas van ses. Orde verwys na die soort kolom met 'n basis, skag, kapiteel en 'n entablement met 'n spesifieke styl aan die bokant, in hierdie geval Dories. Tegniek met paal en latei in klipkolomme en entablemente beteken dit is van Egiptiese afkoms. Die skatkis bevat vier ioniese kolomme, wat ongewoon is. Nog 'n ioniese eienskap is beelde op die fries om die bokant. Fries is horisontale dekoratiewe of beeldvormige band tussen kolom en dak. Marmer is deurgaans gebruik. Geen dagha is gebruik om die blokke bymekaar te hou nie. Die dromme van die kolomme is verbind met blokke marmer wat die mure vorm en aanmekaar gehou word deur ysterklampe wat in gleuwe geplaas en met lood vasgemaak is. Bevat losstaande figure. Die gebou word beskou as 'n perfekte balans tussen die humanistiese en idealistiese neigings in die werk van Griekse kunstenaars. (15)

5.2
- Godsdiens was deel van hul hele lewe en word deur mites, gode en tempels voorgestel.
- Hulle het belang gestel in filosofie, wiskunde, sterrekunde, wetenskap.
- Rede en ondersoek het 'n rol gespeel.
- Teater en drama was 'n belangrike aspek van die kultuur. (5)

5.3 Student se keuse

Voorbeeld 1: Die Kouros van Tenea, 570 v.C., marmer – Kouros – beelde van 'n naakte, manlike jeugdiges. Vroeë oortuigings – aanbidding sonder klere wys die mens sonder enige wêreldse besittings. Die Kouros – 1,52 m. Langs 'n graf gevind – moontlik 'n grafsteen. Die rigiede houding met arms langs die liggaam, hande vasgebind, een voet effens voor die ander herinner aan Egiptiese standbeelde. Hy het 'n atletiese voorkoms. Gesig toon kenmerke van die antieke tydperk, insluitend die effense glimlag. Gestileerde lang hare. Hierdie beeldhouwerk toon 'n meer naturalistiese benadering as die ander kourosbeelde.

Voorbeeld 2 Diskusgooier – brons. Geskep deur die Griekse beeldhouer Myron. Naturalisties – figuur is vasgevang in 'n oomblik van aksie. Bevry van die starre houdings van die antieke tydperk. Die ideale werklikheid van fisieke beweging is vasgelê. Die atleet word gewys op die oomblik voordat hy die swaar skyf vorentoe swaai om dit vry te laat. Verspreiding van liggaamsgewig saam met die vorm van die spiere toon 'n komposisie wat deur die Grieke geskep is en die *rhythmos* of patroon genoem word. Al was dit 'n oomblik van aksie, lyk die gesig emosieloos. Dit word beskou as 'n teken van mag en krag.
(2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEë CHRISTELIKE KUNS

6.1
- Veelsydige funksie
- Sosiale funksies gehou om die Romeine se prestasies ten toon te stel
- Gladiators teen mekaar
- Gladiators teen diere
- Nabootsings van verskillende slagvelde
- Oorlog teen die Christene
- Funksies om mense bekend te stel aan die beamptes, politici
- Verkiesing van leiers
- Vertonings met waens en perde vir die vermaak van die mense
- Kamma-seegevegte en nabootsings van historiese gevegte
- Godsdienstige offers (10)

6.2 Een van die belangrikste bydraes was die Romeine se ontwikkeling van die gebruik van boë, kluise en koepels. Deur die skepping van dwarskluise is die koepel ontwikkel. Met hierdie stelsel kan gewig na die steunmure oorgedra word. Ondersteunende kolomme was nie meer nodig nie. Kolomme is daarna as dekoratiewe elemente gebruik. Hulle het ook hul eie soort beton ontwikkel om sterker mure te bou. Het dagha ontwikkel wat stadig droog word sodat hulle groter ruimtes sonder steun aan die binnekant kan bou.

Die Pantheon is 'n bewys van die Romeine se ingenieursvaardighede. Hierdie goed bewaarde tempel is gebou op die terrein van 'n vroeëre tempel wat, net soos die Pantheon, aan al die gode opgedra is. Die voorkant van die geboue het 'n tradisioneel reghoekige voorportaal. 16 kolomme is gemaak van rooi en swart Egiptiese graniet met basisse en kapitele van wit Griekse marmer. Oorspronklik het 'n arend die voorkant versier. (10)

6.3 Student se keuse

Bv. Die Kolosseum of Flaviese amfiteater (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Dit is gebruik om die voorkoms van die boek te verbeter en die waarde daarvan te verhoog. Dit het ook getoon hoe belangrik die persoon of instansie is wat dit saamgestel het.

Bv. The Book of Kells/Queen Mary's Psalter (5)

7.2 Student se keuse

Bv. Goties – Châtres Cathedral
Romaans – Saint-Sernin Cathedral (35)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCE-KUNS

8.1
- Black dood – meer rykdom gedeel onder oorlewendes en bestee aan luukshede soos kunswerke..
- Die inval van Konstantinopel deur die Ottomaanse Turke – Griekse geleerdes het boekrolle van antieke Griekeland na Italië gebring, wat die herlewing van die Humanisme tot gevolg gehad het.
- Uitvoer en invoer – invloede uit die Ooste en Midde-Ooste op kunswerke, veral in argitektuur
- Uitvinding van die Guttenberg-pers – massaproduksie van boeke – kennisuitruiling – meer mense is opgelei
- Magsverskuiwing van aristokrasie na ryk finansierders, bv. Medici-familie – nie net godsdienstige kuns nie, maar ook sekulêre kuns gewild (5 × 2) (10)

8.2 Student se keuse

Bv. Michelangelo: Sistynse Kapel – Skepping van Adam, La Pietà, ens.
Leonardo da Vinci: Laaste Avondmaal, Mona Lisa, ens. (20)

8.3 Student se keuse

Bv. El Greco/Parmigianino (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROK-KUNS

9.1
- Die Kerk het kuns as instrument vir propaganda gebruik om die Reformasie/ Hervorming teen te werk
- Vereis dat kunstenaars werke moet skep wat die mag van die Katolieke uitbeeld om die massas te beïnvloed
- Baie opdragte is gegee om die massas aan die grootheid van die Here te herinner.
- Die verafgoding is uit godsdienstige tonele verwyder.
- Godsdiens het meer aanvaarbaar geword - bring mense terug na die kerk. (5)

9.2 Student se keuse

Bv. Bernini – The Ecstasy of St Theresa
Caravaggio – Die kruisiging van St. Peter (15)

9.3 Student se keuse

Bv. Bernini - The Rape of Persephone (mitologie)
Caravaggio – Bacchus
Peter Paul Rubens – The Garden of Love (15)

Kopiereg voorbehou

9.4 9.4.1
- Sentrifugale samestelling
- Emosie in uitdrukking en aksie - toon figure in beweging eerder as staties (2)

9.4.2
- Gebruik chiaroscuro om die kontras tussen lig en donker aan te dui
- Verligte tonele vir dramatiese atmosfeer - ongesiene ligbron
- Tenebrisme - oordrewe kontras tussen lig en donker (3)

[40]

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIEK, NEOKLASSISISME EN REALISME

10.1 **Neoklassisisme**

Politieke en sosiale strukture in Frankryk was in 'n kritieke toestand na 1750 – die staat was byna bankrot. Middelklas was moeg om deur die aristokrasie onderdruk te word. Tydens die uiterste politieke en ekonomiese krisis in Frankryk in 1789 het die Franse rewolusie begin. Onder die diktatuur van Napoleon Bonaparte is 'n militêre mag oor Europa losgelaat. Neoklassisisme – gekoppel aan politieke gebeure – amptelike styl van die nuwe regering. As gevolg van opgrawings van die ruïnes van Herculaneum in Italië in 1738 en Pompeii in 1748, het hulle gekyk na die 'edele eenvoud en kalm grootsheid' van Grieks-Romeinse kuns.

Student se keuse, bv. Jacques-Louis David, Jean Auguste Ingres

Romantiek

Met die Franse rewolusie van 1789 en die einde van die monargie eindig die kuns wat dit ondersteun ook. 'n Nuwe soort skildery was nodig om die heldhaftigheid van die Nuwe Republiek te vier. Dit het na vore gekom as 'n reaksie op die ontnugtering met rede en orde in die nasleep van die Franse Rewolusie van 1789. Anti-establishment beweging. Gekenmerk deur dubbelsinnigheid, kompleksiteit en onsekerheid.

Student se keuse, bv. Goya, Gericault, Delacroix (30)

10.2
- Hulle het gereageer op die uiters subjektiewe benadering van Romantiek.
- Hulle het gevoel dit was nie in voeling met die alledaagse lewe nie.
- Realiste het waarheid nagestreef eerder as om Neoklassisisme te veridealiseer. (3)

10.3 Student se keuse

bv. Jean-François Millet, Gustave Courbet (7)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou